

# WEEK 1

## WIE IS DIE GOD VAN JOU GEBED?

### HOE LYK DIE GOD VAN JOU GEBED?

Beskryf Hom eerlik:

- Ek het God leer ken as hierdie kwaai oubaas daar bo wat jou dop hou. “From a distance God is watching you.” Ek het vir Hom die ewige vrees gehad, want ek weet ek maak dit nie en Hy gaan my uitvang.
- Ek het geleer as jy in die teenwoordigheid van God kom trek jy ’n baadjie aan en dan bid jy.
- Dit het gemaak dat die prentjie wat ek van God gehad was nie iemand met wie jy ’n intieme verhouding kon hê nie, en verseker was Hy nie iemand wat in jou belang gestel het nie, Hy was eerder iemand wat jou wou bykom.
- Die implikasie van so ’n siening van God maak dat gebed iets is wat jy moet doen om God tevrede te hou. Daarom as jy nie bid nie is jy in die moeilikheid en as jy verkeerd bid gaan God jou ignoreer.
- Dit het gemaak dat ek baie keer in die nag met ’n skok wakker geskrik het en gewonder het ek ooit gebid. Ek kon nie altyd het onthou nie, maar net om seker te maak en om uit die moeilikheid te bly het ek dan gou gebid.
- Ek was ook bang om te veel met God te praat, want sê nou maar net ek het verkeerd gebid dan gaan God my ignoreer. Dit het gemaak dat ek nooit in die openbaar of hardop wou bid nie.
- Ek het altyd so na ander se gebede geluister en hulle het my so beïndruk. Sommige ooms en tannies kon tog so maklik en korrek met God praat. Sê nou maar net ek bid verkeerd, dan sal almal dit mos weet, en dalk sal hulle lag, maar wat my meer bekommerd gemaak het, dan sal hulle agterkom hoe lyk my verhouding met God.

Dit het daartoe gelei dat my gebed baie privaat en baie stil en baie kort en saaklik was. Op ’n dag ontdek ek dat die God van die Bybel en die beeld wat ek van God gemaak het nie dieselfde is nie.

- God soek ’n verhouding met my.

Dit maak my hele omgang met God anders. Nou is my gebed nie daarop gerig om 'n moeilike oubaas van my rug af te hou nie, nou is my gebed daarop gerig om Hom beter te leer ken en Hom toe te laat om my te maak dit wat Hy van my wil maak.

Dit verander my prentjie van God. Ek sien nou iemand wat baie graag wil hê dat ek met Hom moet praat, ek sien iemand wat baie graag 'n verhouding met my wil hê.

So wie dan is hierdie God, wat toelaat dat ek in Sy teenwoordigheid mag kom.

## DIE GROTE GOD

### **Psalm.8:2-9**

*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! 3 Kinders en suigeling bering die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring. 4 As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, 5 wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? 6 U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, 7 U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: 8 skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, 9 die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.9*

Ek het nou net gesê dat God wil hierdie intieme verhouding tussen jou en my en Hom hê. Dit beteken geensins dat dit ons respek wat ons vir God het moet verminder. Gebed is 'n gesprek met die Lewende God en daarom kan dit nooit platvoers wees nie. Wanneer 'n mens die grootheid en almagtigheid van God besef voel dit soms om soos die lewende wesens en die ouderlinge van Open.4, voor God neer te val en om Hom te aanbid.

### **Openbaring 4:1-4**

As jy eers vir God sien soos wat die hemel en die res van die skepping Hom sien dan sal jy graag 'n intiemer liefdesverhouding met God wil hê. Baie mense voel as gevolg van hulle sonde hulle mag nie naby God kom nie. Deel van ons groot word proses was juis hierdie arme ellendige sondaars. Dit is nie waar nie. Satan wil hê ons moet wegkruip van God, soos Adam en Eva.

Ons het deur die bloed van Jesus vrye toegang tot God en ons mag as te ware binne in die troonssaal instap.

Ons hoef nie om die hoekie weg te kruip en net begeer om naby God te kom nie. Vir baie jare in my lewe het ek presies dit ervaar. Ek het as te ware soos 'n boemelaar by die paleis ingeloer en alles begeer wat op die tafel staan. Nooit gedink dit is vir my beskore nie. Totdat ek besef het, die tafel is nie vir iemand anders voor berei nie, dit is vir my.

### **Hebreërs 10:19-20**

*Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.*

Die hartseer is dat ons so min daarvan maak. Navorsing wat so paar jaar terug in Amerika onder 'n groep Christen gedoen is, toon dat die gemiddelde Christen ongeveer 30 sekondes in die oggend en so 60 sekondes in die aand, met die Here praat. Gebed het by baie dierbare kinders van die Here niks anders is as 'n ritueel, tradisie en 'n rympie geword nie.

Weet jy wat vir die hartseerste maak van dit alles is die feit dat ons nie van hierdie geleentheid gebruik maak nie, het ook 'n effek op God.

### **Jeremia 2:2b en 5**

*So sê die Here: Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy my bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie.*

*So sê die Here: Waarin het Ek gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd afgode gedien het en so self niks geword het?*

Om 'n intieme verhouding met God te hê, is een van die wonderlikste ervarings wat iemand kan hê. Ek weet nie hoekom is ons mense so stupid om dit nie aan te gryp nie en 'n mens wonder waarom mense gesmeek moet word om iets wonderliks te doen.

### **IS JOU GEBED 'N RYMPIE OF RITUEEL?**

Ja  Nee

Indien ja, hoe gaan jy dit verander?

As gebed vir God so belangrik is dat Hy van sy kant af die moeite doen om mense toe te laat in Sy heiligdom, waar kom die mens se arrogansie dan vandaan om so min daarvan te maak. Ek kan dit maar net een woord noem en dit is SONDE. Sonde maak dat mense nie met God wil praat nie.

Hoe lyk die God van my gebed, Hy is groot, maar toeganklik, maar Hy is ook heilig.

## GOD IS HEILIG

- God is nie 'n ver af God nie, maar Hy is tog heeltemal anders. Hy is heeltemal anders as wat ons ooit kan dink of glo.
- Iemand het gesê HY IS DIE GANS ANDERE.

Ek sê nie hierdie dinge sodat dit ons moet afskrik in gebed nie, maar juis sodat dit ons moet aanmoedig om meer en meer tyd met God te spandeer.

### Jesaja 6:1-4

*In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. 2 By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. 3 Die serafs het mekaar telkens toegeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid." 4 Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het.*

### Openbaring 4:1-11

*Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur." 2 Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. 3 Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag. 4 Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone. Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae van die troon af gekom. Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God. 6 Voor die troon was dit soos 'n spieëlgladde see, helder*

soos kristal. Naby, rondom die troon, was daar vier lewende wesens, vol oë van voor en van agter. 7 Die eerste lewende wese het soos 'n leeu gelyk en die tweede soos 'n bul; die derde het 'n gesig soos dié van 'n mens gehad en die vierde het gelyk soos 'n arend wat vlieg. 8 Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." 9 Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, 10 kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: 11 "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."

Dit is wonderlike dat Jesaja dieselfde prentjie sien as Johannes in Openbaring en ook Esegïel. Hulle almal sien God sit op Sy troon. Hy word omring deur engele en lewende wesens. Die lewende wesens maak hulle oë toe, want God is te heilig om na te kyk, ons sien ook in Johannes se visioen, dat Hy nie God se gesig sien nie, maar net kleure wat uitstraal van God af.

- Opaal is 'n wit skynsel en dui op God se heiligheid.
- Karneool is 'n rooi skynsel en dui op God se oordeel
- Smarag is groen en dui op God se genade.

Ons sien in albei visioene hoe die lewende wesens, onophoudelik God aanbid en dat hulle vir Hom sê, dat Hy heilig is.

Die woord in die Hebreeus vir heilig is *qadosh* en in Grieks is dit *hagios*. As 'n mense dit met betrekking tot God vertaal beteken dit iemand totaal anders as mense, Hy is verhewe, Hy is sondeloos.

Mense kan maar enige ander ding of iets aanbid, dit sal altyd vals wees, of hulle nou vir Krisna, of Boedha of Mohammed of 'n klip aanbid, dit is altyd hulle mens gemaakte God. God is uniek en daarom is Hy heilig.

### **Eksodus 15:11**

*Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade!\*

Die Hebreuse teks praat eintlik van die glorierykheid van God. Wie is soos God glorieryk en majestueus in heiligheid

**DINK AAN DIE MEES MAGTIGSTE PERSOON OP AARDE. SKRYF SY/HAAR NAAM HIER NEER.**

Niemand kom naby aan God nie, want: God sal nie eers Sy wenkbroue lig by die uitspreek van hierdie persoon se naam nie. God is die Almagtige, maar Goddank Hy is heilig en daarom kan Hy nooit en sal Hy nooit anders kan optree as God se eienskappe self nie

- **Die sentrale eienskap van God is Sy heiligheid.**

Ek wens ons kon vanaand ietsie daarvan sien en ervaar, want dit sal ons gebedslewe totaal verander. Nou ten midde van hierdie ongelooflike heiligheid van God, laat Hy ons toe om met Hom in verhouding te staan en soek Hy dit, smag Hy daarna.

- Al sy ander eienskappe is gekoppel aan Sy heiligheid.
- Hy boer met genade. Dit gryp my aan die hart. Ek sukkel soms om mense te vergewe, om mense genadig te wees, God daarenteen is die genadeboer.

Die wonderlike is, hoe meer jy met God te doen kry, hoe meer skuur Sy heiligheid aan jou en my af, want heiligheid is nie net 'n eienskap wat God vir Homself hou nie, Hy wil hê dat mense wat lief is vir Hom ook soos Hy sal word.

### **1 Petrus 1:15-16**

*soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. 16Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig.*

### **Levitikus11:44-45**

*Ek is die Here julle God. Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig. Julle mag julle nie verontreinig met enige van die kleiner diertjies wat volop voorkom in die veld nie. 45Ek is die Here wat julle uit Egipte laat trek het sodat Ek julle God kan wees. Omdat Ek heilig is, moet julle ook heilig wees.*

So goed is onmeetlike groot, en heilig, maar ook soewerein.

## GOD IS SOEWEREIN

Een van die redes waarom baie mense nie bid nie, is dat mense sê: “God het klaar besluit wat met elke mens gaan gebeur en daarom sal my gebed hom nie van besluit laat verander nie.” of mense sal sê: “God doen net wat hy wil, dit help nie ek bid nie.”

### **Jesaja 46:9-11**

*Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede; Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. 10 Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek. 11 Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n ver land roep ek 'n man wat my besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen.*

Sien, daar staan dit. Dan verstaan ons gebed heeltemal verkeerd. Gebed is in die eerste plek nie daarop gerig om 'n oningeligte God in te lig, of om 'n onverbiddelike God van opinie te laat verander nie. Ek het reeds gesê dat gebed in die eerste plek gaan om jou te verander.

- Gebed verander jou.
- Hoe meer jy bid, hoe meer sal jy agterkom wat God se wil is en hoe meer jy dit weet, hoe makliker sal jy inval waar God werk en sal jy Hom nie bevraagteken in wat Hy doen nie.

Ek wil 'n teenvraag vra. Hoe sou dit gewees het as ons 'n God aanbid het wat nie soewerein is nie. As jy dan bid sou dit kon gebeur dat Hy sou kon antwoord: “Jammer, dit wat jy my nou vra, val buite my jurisdiksie, of Ek sou graag wou help, maar ek beskik nie oor die vermoë om jou te help nie.” Julle sien mos met die Covid nuuskonferensies, hoe hulle as die joernaliste die vrae vra, dit gou na die ander een “aanpas.”

Ek hardloop liewers na 'n God wat tot alles in staat is, as om 'n god te aanbid wat beperk is. Die feit dat God soewerein is moet ons juis aanmoedig om met Hom te praat. Dit maak my rustig voel oor God. God se soewereiniteit is altyd gekoppel aan Sy heiligheid (andersheid/onverwagsheid) en regverdigheid.

Jy sien ons moet wanneer ons praat oor die soewereiniteit van God en hoe Sy raadsbesluite werk onderskei tussen twee goed.

God se vaste raadsbesluite en Sy wil. God se vaste raadsbesluite is onveranderlik. God het die aarde gemaak en besluit dit sal tot niet gaan en dat Hy 'n nuwe aarde en nuwe hemel gaan skep. Dit is vas, dit help nie jy bid en vra God Hy moet Sy raadsbesluite verander nie. Deel van God se ewige raadsbesluite is dat Hy genadig, liefdevol is, maar ook Regter gaan wees. Dit is onveranderlik.

God se wil vir 'n land of vir 'n persoon is egter na gelang van omstandighede "veranderlik". En moet vir geen oomblik dat God nie bereid is om Sy planne te verander nie. Hy het al vir menige mense Sy plan vir hulle verander. Dink maar aan Jona, dink mar aan koning Hiskia.

## **2 Konings 20:1-6**

*In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie." 2 Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: 3 "Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë." Hiskia het bitterlik gehuil. 4 Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê: 5 "Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou tranes gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan. 6 Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil."*

## **2 Kronieke 7:14-15**

*As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel. 15 Ek sal hierdie plek nou onder my sorg neem en ontoanklik wees vir elke gebed hiervandaan.*

## **Esegiël 22:30-31**

*Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie. 31 Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek en vernietig Ek hulle met die vuur van my gramskap. Ek laat hulle kry wat hulle verdien," sê die Here my God.*

God se ewige raadsbesluite sluit aan by Sy visie vir die mensdom en skepping. Dit het ek gesê is onveranderlik, maar hoe Hy daar gaan uitkom is Sy wil. Dit kan verander, sodat mense Sy genade en liefde kan beleef, of as hulle nie wil hoor nie Sy straf, sodat hulle uiteindelik nog steeds by Sy plan vir hulle kan uitkom.

Daarom namate ons ons liefdesverhouding met God ontwikkel, sal ons al hoe meer Sy wil verstaan en Sy wil begin bid.

### **1 Johannes 5:14-15**

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. 15En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.*

Daarom kan ons nooit sonde regverdig en dink God sal dit verstaan nie. God se raadsbesluit is dat Hy sonde haat en dat as ons nou gedink het die COVID 19 is vernietigend, dan is dit niks teenoor die sonde-virus wat Godgeskape mense so vernietig dat hulle verlore raak in die hel. Jou gebid vir God om sonde maar toe te laat omdat ons in die 21ste eeu leef, kan nooit afgaan nie. (

- God beantwoord altyd alle gebede.

Soms sê Hy nee, ander kere ja en andere kere wag 'n bietjie.

### **Jeremia 33:3**

*Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.*

God is groot, heilig en soewerein, en ook 'n liefdevolle Vader.

## GOD IS 'N LIEFDEVOLLE VADER

### Galasiërs 4:6-7

*En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer diensknege nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.*

- God is ons Vader en deur gebed praat ons met ons Vader. Die verhouding tussen ons en ons Hemelse Vader, hoef nie anders te wees as die tussen 'n kind en sy of haar vader nie. Ons hemelse Vader wil ook weet van ons alledaagse goed, Hy wil ook hê ons moet Hom vertel van die moeilike goed, die hartseer goed, ag Hy wil maar net deel wees van ons lewens.
- Die wonder van God is dat die oomblik wat jy sê: "VADER," plaas dit jou in 'n ander kategorie. Jy raak nou die kind van die lewende God. Voorheen was jy 'n slaaf nou 'n kind.
- Jou gesprek met Hom is nou om Hom te verheerlik, maar ook om Hom toe te laat om jou in die praktyk te maak dit wat jy alreeds in posisie is.
- Hy hou daarvan as Sy kind met Hom praat.

### Spreuke 15:8

*Die offer van die goddelose is vir die HERE 'n gruwel, maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig. (OV)*

### Proverbs 15:8b

.....the prayer of the upright is His delight. (KJV)

Die Hebreeuse woord wat hier met "delight" vertaal word, is die woord *rawstone* en dit beteken "om iemand plesier te verskaf, om iemand gelukkig te maak."

As jou babatjie vir die eerste keer loop, of praat, of jou kind vir die eerste keer fietsry, verskaf dit vir jou groot plesier en groot lekkerkry. Vir God is jou gebed ook 'n groot vreugde, nie net die eerste keer nie, maar elke keer. God soek hierdie gemeenskap. God soek hierdie kuiertjies, wanneer ons by Hom kuier, raak Hy betrokke by ons.

Hy wil ons so naby aan Hom laat kom, sodat ons die vrymoedigheid het om met Hom te praat en Hy met ons. Hy wil so naby aan ons leef sodat ons soos gehoorsame kinders Sy wil sal gaan doen. Hy wil soos enige goeie Vader geskenke vir Sy kinders gee. Hy is

van nature geneig daartoe om mense te seën en te beskerm en te help. Dit is ons wat nie maklik Sy goedheid aanvaar nie. Dit is ons wat kla en mor en sê: "GOD HELP ONS NIE," of wat vra: "WAAROM HELP GOD ONS NIE," terwyl Hy elke dag by ons is en ons help.

- Jy kan enige tyd, op enige manier na God toe gaan.
- Dit kan vroeg in die oggend wees, laat in die middag, deur die dag, enige tyd wanneer jy die behoefte het om met Hom te praat.
- Dit kan op enige manier plaasvind,
  - jy kan op jou knieë met jou hande voor jou bors bid,
  - jy kan op jou gesig lê,
  - op jou voete,
  - sittend,
  - terwyl jy lê,
  - terwyl jy loop, ensovoorts.

By God maak dit nie saak nie. Mense het daarvan 'n ingewikkelde ritueel gemaak, gebed was nooit bedoel om ons buite die bereik van God te plaas nie.

Die wonder van God is dat Hy nooit te besig is om te luister wanneer Sy kinders met Hom wil praat nie.

### **Numeri 6:24-26**

*Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.*

Hoe sal jy voel iemand met jou praat en voordat jy kan terug praat of antwoord, draai die persoon weg en gaan aan met iets anders?

Ons lees hier in Numeri 6:25 en 26 dat Hy sy aangesig oor jou sal laat skyn en sy aangesig sal verhef. Dit beteken Hy sal aandag aan jou gee. As iemand besig is met iets en jy stap die vertrek in en hy of sy kyk skaars op terwyl jy praat, weet jy, jy het nie daardie persoon se aandag nie. God sal die oomblik as jy deur gebed op Ho fokus en daardeur gemeenskap met Hom bewerk, aandag aan jou gee. Hy sê eintlik: "Ek los alles, sodat Ek op jou kan fokus, sodat My oë op jou kan rus. Ek is betrokke, Ek kan my oë nie van jou af hou nie."

**IS JOU GEBED VIR GOD BELANGRIK?**

## Openbaring 8:1-6

*Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank. 2 En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee. 3 'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. 4 Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God. 5 Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom. 6 Die sewe engele met die sewe trompette het hulle toe gereed gemaak om daarop te blaas.*

As iemand vir jou sou vra, “wat is jou laaste wens? Wat sal jy antwoord?” Ek dink die meeste mense sal graag nog 'n geleentheid wil hê om die lekkerste ding op aarde te doen, of dalk om met iemand wat baie naby aan jou is te praat. Die prentjie van Openbaring 8 is iets soortgelyks. Dit is die laaste oomblikke voordat die wederkoms van Jesus aanbreek. Ons lees in Openbaring 11:15-19 dat as die sewende trompet geblaas het, is dit die einde. God weet dit. maar voordat dit gebeur, sit God op Sy troon en vir 'n laaste oomblik bring Hy Sy kosbaarste goed voor Hom. 'n Bak, vol van die gebede van die gelowiges. Elke gebed van gelowiges word deur God gebêre. Dit word nie weggegooi of as onbelangrik geag nie.

As jy in jou geestesoog in die goue bak sal kyk, sien jy al jou gebede. Daar is jou gebed wat jy as kleuter gebid het, daar is jou gebed wat jy vandag gebid het. Gebed is vir God kosbaar, miskien omdat Hy weet in die hemel sal ons nie meer hoef te bid nie, want dan sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien. God weet dat dit nogal geloof vra om jou oë toe te maak en te bid en dan te verwag dat Iemand wie jy nie kan sien nie, daarop sal reageer. Daarom dink ek eer God jou gebede en bêre Hy dit in die hemelse bak.

Dit is die heel laaste iets wat voor God sal verskyn voordat die einde kom. As jy weet dat gebed is vir God kosbaar, moenie daarvan iets afgewater maak nie. Wees ernstig met jou gebed verhouding met God.

Die verdere implikasie, van veral vers 5 is, dat wanneer die vuur van God gemeng word met die gebede van gelowiges, gebeur daar iets drasties. Jou gebede gemeng met die vuur en die krag van God, kan geestelike aardbewings veroorsaak. Dit kan die fundamente van die hel skud. Dit kan mense uit die kloue van Satan ruk.

Gebed en aanbidding is vir God kosbaar. Toe Jesus die boekrol neem, neem die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge 'n harp en die gebede van al die gelowiges, ook joune en begin om die Lam te aanbid. Halleluja.

### **Openbaring 5:8**

*Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges*